Publication: Son (Boland/Weskus)
Date: 15 Jul 2016
Page: 9

NASIE SAAMGESNOER

Kunswerk uit kleurryke krale ter ere van Mandela-dag is onthul

'N MEESTERSTUK: Die onthulling van die kunswerk wat uit krale gemaak is.
Foto's: MELINDA STUURMAN

VERBIND die krale, verbind die nasie.

Dít is die siening van die Lulela-studente in samewerking met Relate Bracelets en Mandela Bangle.

Die projek #My67Beads is 'n inisiatief van hierdie organisasies.

CHRISLYNN SIAS
Chrislynn.Sias@son.co.za

Lulela verskaf opvoedkundige kunste aan die jeug om kreatiewe denke en entrepreneurskap te spark.

Die kunswerk wat die #My67Beads-projek geskep het, is gister by die V&A Waterfront onthul.

'n Bead and Go-stasie is ook daar opgestel en gaan 'n week lank daar staan.

Hierdie projek is al in volle gang sedert die begin van Junie en Suid-Afrikaners van verskillende agtergronde het saamgekom om hierdie meesterstuk bymekaar te sit.

Die onthulling van die kunswerk het ook die media, publiek, celebs en die gogo's van Khayelitsha die kans gegee om kragte saam te snoer en aan hul eie beads te werk vir 'n ander kunswerk wat later vanjaar in Johannesburg onthul gaan word.

Die radio- en TV-persoonlikheid Tracey Lange het ook hierdie geleentheid bygewoon.

Lange sê: "Ons doen elke jaar iets anders en hierdie jaar het ons besluit om die beads te doen.

"Ons werk met die gogo's van Khayelitsha en dis wonderlik om hul stories te hoor.

"Sommige van hulle het al met die ekstra geldjies hul kleinkinders deur die skool gesit."

Die Relate Mandela Bracelet is ook bekend gestel.

Tourvest Destination Retail het 67 000 daarvan gekoop om in hul winkels te verkoop.

Neil Robinson, Relate se CEO, sê: "Die projek beoog om Suid-Afrikaners te uplift deur middel van kuns.

"Dit is die spirit van saamwees van ons nasie wat dit suksesvol gaan maak."

SÓ MAAK JY: Een van die gogo's, Mercy Jozana, wys vir Tracey Lange hoe dit gedoen moet word.

SMS JOU MENING OOR DIÉ STORIE AAN
32369
SÊ ONS!
SMS'e KOS R1.50

"Met die projek word beoog om landsburgers deur kuns te uplift"

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission